



Junie, Julie & Augustus 2023

***Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

Lieve Lidmaat,

Ons almal is bewus van die krisis waarin die Kerk verkeer.

Oor die algemeen kla gemeentes van 'n doodsheid; 'n magteloosheid om die leegloop van eredienste te keer; uitdagings om jongmense te behou; en 'n toenemende apatie teenoor die verantwoordelikhede van die kerk.

Ons beleef ook heelwat uitdagings in ons samelewing en in ons land.

Genoeg dinge om ons moedeloos te maak.

As mens deur die boek Handelinge blaai, is daar talle verhale van hoop te midde van moeilike omstandighede; verhale van gewone mense wie se lewens op 'n buitengewone manier verander is; verhale van mense wie se geloof nie tevergeefs was nie. Ons lees van wonderdade, genesing, mense wat in tale praat, mense wat handomkeer verander het, gelowiges wat saamstaan, en mense wat buitengewone krag, wysheid en waagmoed ontvang het om 'n getuenis te lewer.

Die gemene deler is die Heilige Gees.

Die Gees vul ons, dring ons, verander ons, dra ons, troos ons, help ons,

***JAARTEMA: God roep, ons bou!***

lei ons, leer ons. Die Heilige Gees wat op Pinkster uitgestort is, is die Bron van ons hoop. Dit is dalk goed om te onthou dat die Heilige Gees in Handelinge verstaan word as die Gees van die opgestane Christus. Dis Hy, die opgestane Jesus, wat self deur die Gees teenwoordig is en Sy kerk vestig. Hierdie verhale word ook óns verhale, want dit is dieselfde Gees wat vandag nog werk, dit is dieselfde evangelie wat ons verkondig, dit is dieselfde Christus aan wie ons deur al die swaarkry vashou.

Ons gaan in Mei maand stilstaan by al hierdie verhale van hoop. Daarom is ons Pinksterreeks se naam: ***Hoop in Handelinge***. In die reeks gaan ons opnuut kyk na verskillende tekste in Handelinge. Ons gaan na die agtergrond van elke teks kyk en onsself vra hoe dit ons - en die kerk – vandag help. Die doel van hierdie reeks is nie net om nie nuwe hoop te ervaar nie, maar om as 'n gemeente ook vernuwing te beleef; en dat ons as lidmate sal groei in ons persoonlike verhouding met God.

Laat ons opnuut in hierdie tyd van Pinkster onsself voor die Lewende God van alle eeuë stel, Hom aanroep en met vertroue onverpoos uitroep vir Sy ingrype in ons Kerk, gemeente en in ons lewens.

Ds Petro Jonker



But those who  
hope in the Lord  
will renew  
their strength.  
They will soar  
on wings like  
eagles.

Isaiah 40:31



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ◆ **16 Junie:** Vakansiedag: Jeugdag
- ◆ **18 Junie:** Kinders woon diens by 9:00, Vadersdag
- ◆ **23 Junie:** Skole Sluit
- ◆ **18 Julie:** Skole Open
- ◆ **8 Aug:** Skoolvakansiedag
- ◆ **9 Aug:** Vakansiedag: Vrouedag

### BARMHARTIGHEID: ALLIMENTASIE

Een van die onderafdelings van ons diens van Barmhartigheid is allimentasie wat deur die Verklarende Woordeboek omskryf word as voeding en lewensoronderhou. Dit is 'n baie goeie en op die man af verklaring en 'n al moeilik wordende taak wat na die beste van sy vermoë deur ons gemeente behartig word. Werkloosheid, afdankings, duurder lewenskostes ens. veroorsaak dat al hoe meer mense by ons gemeente aanklop vir hulp. Soms is dit 'n kospakkie, soms vervoer om iemand by 'n dokter; tandarts of werksonderhoud te kry; ander kere moet rekeninge betaal word. In alle gevalle word behoorlik ondersoek ingestel na die behoeft(e)s en diensooreenkomsdig volgens die gemeente se vermoë gehelp. Sommige persone betaal wat hulle ontvang het met dankbaarheid terug aan die gemeente. Vir ander is dit nooit moontlik nie, en moet ons as gemeente dankbaar wees dat ons hulle kan help en ondersteun en so die Bybelse opdrag van naasteliefde uitvoer. Alle bydraes vir barmhartigheid en ons koskas word opreg waardeer. Dankie dat jy as lidmaat ons met hierdie liefdestaak bystaan. Indien jy in moeilike omstandighede verkeer en enige hulp en bystand benodig, kontak asseblief vir Ds Petro Jonker of die Kerkkantoor by 012 331 3531. Ons is hier om te help.





## UITREIK BEDIENING

Die doel van Uitreik bediening is om deur God se genade en met Jesus liefde, fisies en geestelik na ons gemeenskap, wat sendelinge insluit, uit te reik.

Uitreik bediening bestaan uit Barmhartigheid, Getuie en Sending.

Die **Barmhartigheid** been van Uitreik gee finansiële hulp aan behoeftiges, wat kospakkies insluit en werkskepping.

Gemeentelede wat finansieël swaartrek mag deur die allimentasie proses hulp by die kerk verkry. Dit mag in die vorm van kospakkies wees of bv. indien 'n gemeentelid 'n dokter moet sien en nie 'n mediese fonds het nie, mag die kerk in so 'n geval help. Die proses om aansoek te doen vir allimentasie is in die ker�ondigings. Kortlik, kontak ds. Petro, Susan Plaisier of Hanli Meyer wat die proses verder sal vat. Die Uitreik Bediening het die kwartaal 6 persone finansieël gehelp deur die allimentasie proses.

Indien behoeftige lidmate kos benodig kan hulle die kerkkantoor kontak vir kospakkies.

Ons het tot onlangs 'n karwas en oggendmark op die eerste Saterdag van elke maand gehad om werk te skep vir mense wat swaartrek. Alle fondse wat gegenereer was het na die mense self gegaan. Ongelukkig het die projek doodgeloop, en iets anders moet in die plek daarvan gevind word om werk te skep.

Die **Getuie** been reik uit na ander buite die kerkgrense. Ons was bedrywig by die dowe lidmate en is nog bedrywig by Huis Janri en Huis Yana deur spesifieke lidmate en ds. Petro wat Bybelstudie en dienste daar hou. Bybels in ons ander landstale is beskikbaar by die kerkkantoor wat uitgedeel kan word.

Huidiglik ondersteun die **Sending** bediening 3 sending velde finansieel, naamlik Mosambiek, Laudium en die Koerde in oos Europa. Ook word hulle moreel ondersteun deur met hulle te korrespondeer. Al die fondse wat na ons sendelinge gaan kom van skenkings van lidmate. Geen gemeente fondse word vir sending gebruik nie.

Die Uitreik bediening is 'n belangrike venster van die gemeente, van hoe ander ons gemeente waarneem en beoordeel. Dit is belangrik dat dié bediening goed funksioneer om werklik 'n verskil te maak in die lewens van die gemeentelede en om die doel van die gemeente "**n Omgee gemeente**" te wees uit te leef.

Dankie aan al die gemeentelede wat getrou bydra tot die werk van Uitreik Bediening, soder julle finansiële ondersteuning kan ons nie God se liefde en Woord uitdra nie.



Allan Prentice en span

## ZERO BOOMSLOPING



BOOMSLOPING EN SNOEI

VAN BOME EN STRUIKE


ONS VERSKAF OOK KAGGELHOUT



KONTAK ERNST 083 656 4992


[WWW.TREECAREPTA.CO.ZA](http://WWW.TREECAREPTA.CO.ZA)

# RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE



## CODEBRAKER 2

A N  
B O  
C P  
D Q  
E R  
F S  
G T  
H U  
I V  
J W  
K X  
L Y  
M Z



## CODEBRAKER 4

A N  
B O  
C P  
D Q  
E R  
F S  
G T  
H U  
I V  
J W  
K X  
L Y  
M Z

OPLOSSINGS OP BL. 17

Engelbrecht G, 2 Junie 2022,  
YOU, Codebrakers, bl 81.

## Match the shadows



1



2



3



4



5



## Toy word search

The words in the list below are all hidden in the grid – horizontally or vertically, backwards or forwards. Find and circle them.



ball
book
car
doll

frisbee
marbles
teddy
yo-yo

a	r	m	w	j	b	m	o
k	i	o	u	q	a	y	f
o	l	m	r	r	o	l	r
o	p	k	b	y	w	h	i
b	i	l	r	a	t	m	s
p	e	p	d	a	l	u	b
s	l	l	o	d	c	l	e
s	t	e	d	d	y	j	e



# Hidden Objects Puzzle

Can you find the twelve hidden objects?



wrench



bone



light bulb



spoon



domino




toothbrush



pizza



boot



glasses



crown




pencil



CD

© Tim's Printables



Discovery Pictures™  
Doodle Art Alley ©



# OESTYD

Meí 2023

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloof na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

## MOSAMBIEKSENDING

**Andries & Sunette Schwartz**

Nuusbrief: Januarie – Maart 2023

### Gegroet in die wonderlike Naam van Jesus, liewe Vriende

Ons is dankbaar om ons verblyfpermitte, waaroor ons laas geskryf het, weer tot die einde van die jaar in die hand te hê.

#### 1. Die Oos- , Wes-roete

Ons huidige nomadiese bestaan het ons sedert Desember weer van Oos na Wes in die mees Noordelike dele van Mosambiek geneem – Pemba (Oos), Muapula (sentraal) en Chiconono/ Lichinga (Wes).

#### 2. Muapula 2x

Middel Desember, het ons weer vanaf Pemba na Muapula gereis. In Desember het Andries Veritas se module 2 afgehandel en was veral die kinderwerkers opgewonde om van die beginsels in hulle uitreik na die kinders toe te pas.

In Maart is die eerste helfte van Module 3 gedoen. Die deel dek die Psalms. Dit was 'n groot uitdaging, maar die meeste deelnemers kon na die derde dag op eie houtjie die eksegese doen. Ps 103, 139, 100, 1, 42, 43 en 110 is gebruik. Daar is diepgaande boodskappe in elk van hulle.

Ons kuier ook altyd lekker by die Van der Merwe –sendelinge, gesels oor sending strategie, versterk mekaar en en bid saam.

#### 3. Chiconono

Gedurende die res van Desember het ons ons besoek aan Chiconono wat ons vroeër a.g.v. Andries bestraling kortgeknip het, voortgesit.

Dit was so 'n voorreg om die groepies werkers op die Koninkryksbosbouplaas tydens elke etensuur te besoek en die Woord te deel. Sommige groepe het slegs uit ongelowiges bestaan en ander weer uit amper net gelowiges, waarvan baie deur die plaasuitreik tot bekering gekom het.

Baie ou bekendes, gelowiges en ongelowiges, het ons ook by die huis kom opsoek. Dit was heerlik om ou drade op te tel, en weer met hulle elkeen oor die Here te gesels.

Ons het ook saam met twee groepies gelowiges byeen gekom en 'n Kersfees-samekoms gehad.

Verder het ons by ds. Cezar van die Gereformeerde Kerk, asook die omroeper van die Christelike radiostasie daar besoek afgelê. Dit was albei goeie kontakte en 'n mens besef hulle het heelwat uitdagings. Ons kon radioprogramme en ander voorbereide materiaal aan hom oorhandig.

#### **4. Lichinga**

En so reel die Here dikwels dinge: Met die geweld in Cabo Delgado word daar heelwat kontrole op die beweging van mense uitgeoefen. Op die Cabo Delgado en Niassa grens is ons deur die polisie gestop. Hier raak Andries en die een amptenaar toe aan die gesels. Hy is 'n gelowige, en toe Andries hom vra hoe hy die Veritas kursus in Lichinga bekend kan stel, sê die amptenaar: 'Bel my pastoor'

So gemaak, en Pastor Ricardo het met baie kerke in Lichinga kontak gemaak. Hy en 'n sendeling het meeste reëlings vir die module 1 opleiding op hulself geneem, en omdat die klas te vol was, is baie persone weggewys tot 'n volgende geleentheid. Die 49 deelnemers wat die opleiding 3-7 Januarie bygewoon het, was inderdaad 'n te groot groep.

'n Mens is aangeraak deur die hunger na verdere opleiding en groei daar. Hulle reaksie was baie positief en het bankvas die vyf dae van 7 tot 3 uur gesit. So baie het hulle dank vir'n nuwe deur wat in hulle lewens oopgemaak is, uitgespreek.

Andries het 'n kwaai malaria op die voor-laaste dag gekry en moes dronk-dronk die kursus afhandel en toe ook twee dae 30 fasiliteerders oplei.

#### **5. Terug Pemba toe**

##### **5.1 Nog Veritas**

Terug in Pemba, het Andries nog twee Veritas groepe in opeenvolgende weke in Januarie opgelei. Kerke hier werk nie maklik met mekaar saam nie, en die opleiding moet dikwels herhaal word in dieselfde gebied om 'n ander groep te akommodeer.

35 deelnemers het Mod 1 gedoen en alhoewel daar n gedeelte v.d. mense was wat nie regtig bevoeg was vir die groot 'akademiese' sprong nie, het baie daarby

gebaat. Ons het met groot opgewondenheid afgesluit.

Die volgende week het Andries 15 mense in Mod 2 opgelei. Hier val die fokus op die narratiewe gedeeltes v.d. OT, maar ook oor hoe Jesus die wette volbring het.

In Februarie is daar twee ander groepe opgelei. 'n Groep fasilitateerders en toe leiers uit Chiure wat ons moes nooi na Pemba omdat Andries nie toegelaat was om daarheen te gaan nie - dis a.g.v. die veiligheidssituasie. In Maart is die opleiding in Pemba afgesluit met 'n Mod 2 groep.

In Mod 1 word 'uiteg en vermaning' as literatuursoort behandel. Paulus se brieue word hiervoor gebruik. Die temas wissel van verlossing, geestelike volwassenheid en oorwinnig oor sonde, en deelnemers word uitgedaag om nuut te dink en te leef.

## 5.2 Terugvoer

Ons staan baie dae in verwondering om te sien hoe mense deur God verander word. Dit skep in my, Andries, 'n diep vreugde wat ek vir min dinge sal wil verruil.

Pastor Dinho het vir my gesê: "Die Here het my baie gehelp om die Woord van God op die regte manier te verstaan en toe te pas."

Pastor Junior (wat opleiding van verskeie Bybelskole ontvang het) het gesê: "Ek het nog nooit voorheen enige opleiding ontvang wat so 'n verskil in my lewe gemaak het nie." Hy het ge-eggo wat baie ander vir my in verskillende opleiding-sessies gesê het.

'n Ouderling het die afgelope week my hand kom skud en gesê: "Baie dankie, ek het gekom om geskool te word, maar my hart is nuut gemaak."


Ek glo dat as die verstaan van God se boodskap die hart is, en Jesus self die sentrale fokus van elke opleiding bly, Sy impak (transformasie) altyd sigbaar sal wees in die lewens van die deelnemers.

God se koninkryk is 'n 'tasbare' werklikheid, en daarom daag ons met elke opleiding mense uit om te gaan getuig. Op 'n paar plekke het mense begin om deur Bybelstudie 'ontdekingsgroepe' na onbereiktes in hulle omgewing uit te reik. Ons hoor reeds van vrug.

Een v.d. grooste vreugdes was om te sien dat die plaaslike fasilitateerders uit hulle blokke kom. Dis veral mooi om te sien hoe die jonge Marson met soveel gesag (en nederigheid) leiers bedien.

## 5.2 Radioprogramme

Vandat ons by Radio Nuru gewerk het, bly 'n mens bewus van die uitdagings,



**Pastor Dinho**

Hy was so opgewonde oor die opleiding. Agterna het hy my gebel en gesê daar het twee nuwe mense uit die moslem geloof Jesus begin volg. 'Het jy nie vir my stem-Bybels nie', vra hy. |

maar ook die besondere geleenthede van so 'n radiostasie.

Sunette het tydens ons 2 maande verbly in 'n huurhuis in Pemba weekliks na die kinderbyeenkoms van 'n kerkie baie naby van daar af gegaan. Die kinders is 'n bybelstorie vertel, en hulle is dan opgeneem terwyl hulle dit (in groepsverband) terugvertel. Na 'n bietjie redigering en die byvoeg van ander klanke en musiek, het dit weer gemaak vir 'n paar programmetjies wat deur verskillende stasies gebruik kan word.

Die Bestuurder van Radio Wimbe in Pemba het ook vir Andries gevra of hy nie sou kon help om 'n paar kwelvrae d.m.v. radioprogramme aan te spreek nie – beide gerig op die luisteraars en die omroepers wat dikwels nie weet hoe om luisteraars (waarvan baie Moslems is) te antwoord nie.

Oor die oueriteit van die Bybel het Andries al voorheen klasse gegee en hy het verder aan hierdie materiaal geskaaf en werk. Daarna het Marson die Portugees kom voordra. Ons het dit sommer by ons huis opgeneem.

Weereens het die Here die kerkie oorkant die pad gebruik om iemand te voorseen wat 'n baie goeie Makua audio vertaling van die twee programme kon doen. Andries lees die Portugees wat die vertaler dan frase vir frase vertaal. Later edit Sunette dan al die Portugees en ander foute uit. Dit alles is baie ure se werk.

Die Kimwani vertaling was egter meer van 'n uitdaging. Aanvanklik het ons 'n Mwani vriend en ex-moslem, vir die doel probeer aanwend. Omdat die volle Bybel nog nie in Kimwani vertaal is nie, is sekere basiese uitdrukings (bv. OT/ NT) nog nie in die normale gebruikstaal opgeneem nie. Hy het daarom baie gesukkel. Later het Vicente ons uit Macomia kom besoek om Audio Bybels vir verspreiding te kom haal, en ons het hom toe gevra om te help met die opnames.

Andries het ook reeds 'n eerste program oor die drie-eenheid geskryf en in Portugees en Makua opgeneem. Daar kort egter verdere programme oor die tema en dan is daar nog ander temas wat ook voorlê. Ons werk stuk-stuk daaraan soos ons die geleentheid kry, en sien met verwagting uit dat die Here dit tot Sy eer sal gebruik.

## 6. Cuamba en weer Weswaarts

'n Eerste Veritas groep in Cuamba was geskeduleer vir die week van 3-8 April. Terwyl ons in Muapula was het dit so gereën dat brûe alkante van ons weggespoel en die pad dus onrybaar geword het. Ons het alles met 'n week uitgestel. Dit was 'n heerlike sonskyn-week en die herstelwerk het volgens berig-



## Pst Maliquito

Hy het 'n vriend geword en twee v.d. opleidings-groepe bymekaar gemaak. Hy is ook 'n fasiliteerde. Kyk hoe natge-sweet is Andries van klas-gee in sy sinkkerk in die Pemba hitte.

te goed gevorder. Die aand voor ons vertrek het dit egter hard gereën en die paaie was baie verspoel en modderig.

Na 50 km het ons ons egter teen 'n brug wat weer weggespoel het vasgeloop. Ons moes omdraai en het die 800km ompad oor Marrupa en Lichinga met 'n swaar gemoed aangepak. Tog kon ons vinnig Vader se vreugde ervaar na 'n paar lofliedere bo die Landy se lawaai uit.

Die Kerk in Cuamba is regtig in 'n haag-like toestand. Selfs in die evangeliese kerke word toordery as 'n oplossing aangebied vir verskeie probleme, preke fokus glad nie op die Woord nie.

Dis in die opleiding ervaar, maar God het regtig mense se lewens aangeraak. 'n Paar het kom sê: "Dankie, nou verstaan ek vir die eerste keer die waarheid."

## 7. Verderaan

Ons is nou terug op ons (nou al) gebruiklike roete. Ons het afsprake in Chiconono, en in Lichinga word daar 'n Veritas module 1 aangebied vir die groep mense wat verlede keer weggewys is, asook 'n Module 2 kursus vir die groep wat in Januarie module 1 voltooi het. Daar is twee opleidings in Zambesia provinsie geskeduleer.

Ons glo ook dat verskillende opleiding wat ons via zoom in hierdie tyd gedoen het vir ons werk tot seën sal wees op die pad vorentoe. Andries het World Outreach se 'Coaching'-kursus, sowel as 'n Transformation Prayer Ministry kursus van YWAM gedoen, en Sunette het World Outreach se Church Planting Movements kursus bygewoon. Einde Julie woon ons DV World Outreach se Internationale konferensie by.

## 8. Koninkryk

Dit bly so 'n voorreg om deel te wees van ons Koning se Koninkryk.

Nou die dag toe ek weer van Jesus se versoeking in die woestyn lees, besef ek dat so baie van dit te doen het met Jesus se autoriteit.

Mag Hy die laaste sê hê in elkeen van ons se lewens en ons onder die Groot Koning se heerskappy lewe.

Andries en Sunette

---

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615      Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)





# **NUWE LIDMATE: BAIE WELKOM!**

Ons is opgewonde om nuwe lidmate, vriende en besoekers te verwelkom met die liefde van Jesus Christus. Neem asseblief kennis dat Ds Petro Jonker en die Geestelike leiers jou graag wil ontmoet, leer ken en besoek. Ten einde dit moontlik te maak, moedig ons jou vriendelik aan om asseblief kontak te maak met die kerkkantoor by 012 331 3531 of stuur 'n epos met jou besonderhede aan [ngriet@telkomsa.net](mailto:ngriet@telkomsa.net) of besoek die kerkkantoor tussen 08:00-13:00 weeksdae. Dit is noodsaaklik dat jy jouself aanmeld, want dit gee ons die vrymoedigheid om jou te kan kontak en besoek.

## **Jy is baie welkom by ons!**

**CODEBREAKER 2**



**CODEBREAKER 4**



**NG Kerk Rietfontein-Suid**

INKOMSTE STAAT: 01/01/2023 tot 30/04/2023

Begroot		Werklik
6,758	Geestelike Toerusting	3,640
100	Instandhouding	-
715,456	Gemeente Infrastruktuur	591,601
14,400	Diens van Barmhartigheid	11,000
29,000	Sending	27,500
<b>765,714</b>	<b>Inkomste</b>	<b>633,741</b>
82,180	Geestelike Toerusting	7,068
53,100	Instandhouding	76,174
683,259	Gemeente Infrastruktuur	490,976
20,440	Diens van Barmhartigheid	4,682
35,000	Sending	22,056
<b>873,979</b>	<b>Uitgawe</b>	<b>600,956</b>
<b>- 108,265</b>	<b>Tekort /Oorskot</b>	<b>32,785</b>

Daar is innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir al die lidmate wat getrou hul bydraes gee. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil met jul bydraes maak.



# Gelukkige Vadersdag - 18 Junie




*We have discovered our own utter helplessness and know that we cannot do anything for ourselves; and we have learned that our only way, therefore, is to hand the temptation over to our Lord and trust Him to conquer it for us.*



Here, wanneer dit **winter** is besef ek dat my hart so maklik kan **verhard**. Soos grond wat ys en **ondeurdringbaar** is. Ek weet dat, wanneer u **liefde** my hart kom oorneem, dit **sag** en **ontvanklik** raak. Weerloos ja, maar bereid om ander te dien met liefde en **genade** – nes U dit met ons doen. Help my om ook in my **winterseisoen** 'n sagte hart te behou. Ek is so afhanklik van die **Heilige Gees** om dit in my te bewerk. Daarom kom sit ek nou gewillig by u voete. Sodat die seisoen in my kan **draai**, en ek 'n boom sal wees wat **vrugte** dra wat U verheerlik.

*Amen*



#### RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by [ilzedples@gmail.com](mailto:ilzedples@gmail.com). Kontak nommer is 0721113100